

Sondag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 8:22-36

Fokusgedeelte: Spreuke 8:22-31 (1933/53-vertaling)

Wysheid is vóór alles wat geskape is – God het wysheid eerste gemaak

Toe God die hemel en die aarde geskape het, was wysheid al deel van God se skepping. Hierdie wysheid is so belangrik vir die hele skepping. Wysheid is in werklikheid ouer as wat die hele skepping kan wees. By elke skeppingsgebeurtenis was die wysheid teenwoordig. Die wysheid vorm dan die belangrikste bousteen van God se skepping. Dit is die fondament waarop die hele skepping en alles wat lewe, gebou moes word.

Wysheid praat uit eie reg om haar volle plek in die hele skepping van God aan te dui. Wysheid het self “gesien” hoe God die aarde georden het in ’n hemel daarbo en ’n aarde hieronder en waters rondom dit alles. Tog kan sy deur niks van hierdie geskape dinge ingeperk word nie. Wysheid vorm inderdaad deel van die verbinding tussen God en sy skepping. Dit gee alreeds aan haar ’n “middelaarsrol” omdat sy in verhouding tot God maar ook in verhouding tot die skepping en in besonder in verhouding tot die mens geplaas is.

In hierdie rol bring sy vreugde, want God het Homself kon verbly om te sien dat alles wat Hy gemaak het, baie goed was. Dit is wysheid wat hierdie goedheid baie goed gemaak het. Dit gee nie alleen vreugde aan God nie, maar wanneer die mens sy arms om haar as wysheid kan slaan, dan gebeur daar iets so wonderlik en vreugdevol. Dan begin die mens die skepping in die lig van God se wysheid te stel. Die mens is dan in staat om die hele kosmos met God se wysheid te verbind.

Die vreugde wat God ervaar in wat Hy as goed geskape het, wil Hy in Christus, ons volmaakte Wysheid, vir ons dieselfde tipe vreugde verskaf deur ons by hierdie wysheid uit te bring. Dit maak God se skepping nie alleen goed nie, maar dit word “baie goed”. Dit laat dinge reg verloop omdat alles op sy plek gestel is en kan werk en saamwerk soos die Here dit bedoel het toe Hy alles geskape het.

Sing: Psalm 33-1:5, 7

Dr. PJ Venter (Petrus) (Postmasburg)